


Muskiet



Saterdag 30 Junie 2018

GRATIS

Amptelike feeskoerant

BANK
LEEN
SPAAR
VERDIEN
VERSEKER



417871R

WHAT'S
your NEXT?



SOEBATSFONTEIN
Debuutproduksie
maak opspraak

4



ROCKKONSERTE
Geniet 'n blik op
Donderdag- en
Vrydagaand se
ruk en rol

6, 12-13



WOZA ALBERT
Locals shine in
stage production

18



**WOORDE
INNITUIN**
Poësie, kuns
en musiek kom
bymekaar

22

Innibos rol met SA se beste kunstenaars

Die JacarandaFM-konsert het Vrydagaand vir groot opwinding gesorg met van die land se beste kunstenaars. Die jong Elandré het sy debuut op die Innibos-verhoog gemaak en is luidkeels deur die skare toegejuig. Ou gunsteling soos Karlien van Jaarsveld, Bok van Blerk en Elvis Blue was ook op die verhoog te sien. Lees die volledige storie oor hierdie musikale skouspel op bladsy 2 en moenie vanaand se kykNET Konsert op die hoofverhoog misloop nie.

Foto's: Benno Stander; digitale verwerking: Jacques Erasmus

EK HOU VAN



kaas

BRA...

SPAR



41947NG





Sterre by dosyne skitter by Innibos

Carli Koch

Geesdriftige feesgangers het oudergewoonte na gisteraand se JacarandaFM-konsert op die Standard Bank-verhoog opgeruk.

Dit was 'n aand met ou en nuwe songs, Afrikaanse treffer en die gewildste internasionale popnammertjies, keurig saamgestel in 'n potpourri van musikale kleure en geure - 'n regte, egte ekstravaganza!

Sangduo van Touch of Class, Ruhan du Toit en Deon van der Merwe het dié buiteligskouspel met hulle weergawe van Simon & Garfunkel se treffer, "The Sound of Silence" geopen.

Die twee het in 2016 ongekende sukses met dié treffersnit gehad.

Hulle het die verhoog met die bekroonde Willem Botha,

wat aan die eerste Afrikaanse *Idols* op kykNET deelgeneem het, gedeel.

"Dit is 'n groot voorreg om saam met julle hier te wees. Ek is nou al 12 jaar in die musiekbedryf, en die meeste van die mense wat agter die skerms werk, het saam met my die pad gestap. Ek het harde klippe gekou, maar ek het my drome nagejaag."

Hy het een van sy nuutste liedjies, wat 'n kykie gee in sy lewe en loopbaan, "Humble and kind" gesing.

Elvis Blue het op sy beurt gewys hoekom hy so vinnig in 'n ikoon van die musiekwêreld ontpop het.

"Laat jou winde waai, laat jou storms kom. Sit jou donker wolk, voor die son." Die woorde van sy liedjie, "Spore" het die koue briesie warmte gegee.

Kurt Darren het die mikrofoon gevat en met liedjies soos "Dans op die Tafels," "Kaptein" en "Kaalvoetsokkie" die gehoor behoorlik op hulle voete gehad.

'n Gereelde gesig by die fees, Ampie het sy

nuwe enkelsnit gesing en natuurlik die treffer, "Plain Jane".

Nóg sterre van dosyne soos Bok van Blerk en Karlien van Jaarsveld het die naweek op 'n feestelike noot begin.

Dit was 'n aand vir die oog, oor en die lagspiere en 'n mens wonder net of enigiemand sou kon slaap toe hulle huis toe is na hierdie skouspel wat almal sekerlik nog lank sal bybly.

Dit is wat 'n paar feesgangers te sê gehad het

Corné Stonehouse

"My eerste Innibos was in 2014. Ek is mal oor die ou met die blonde hare (Elandré) se musiek. Dit is *stunning!* Ek hou van die verskeidenheid stalletjies en die *vibe*."

André du Toit

"Ons soek vir Steve!"

Anna Nieuwenhuis

"Hierdie is my tweede jaar by Innibos. Ek kom die hele pad van Rustenburg af en sien reeds uit na volgende jaar se Innibos! Een van my hoogstepunte vanjaar was Laurika Rauch se vertoning saam met Loki Rothman: *Blou*. My gunstelingkuierplek op die feesterrein is die Boma-kuiertheater."

Sarita Stonehouse

"As dit nie Pumas-rugby was nie, dan sou ek nie gekom het nie, want Steve Hofmeyr is nie hier nie!"

Die iCollege Pumas speel om 12:30 op Mbombela Stadion in die kwarteindstryd van die SuperSport-uitdaagtoernooi teen die Vodacom Blue Bulls. Kaartjies kan by die stadion gekoop word.



Foto's: Carlo Engelbrecht en Benno Stander

Sien meer foto's aanlyn

www.lowvelder.co.za

SPLAT COMPANY
INDOOR PLAY CENTRE & RESTAURANT
MAKE USE OF OUR **DROP & GO** children 3 - 10 years MAX 3HRS & JOIN our FUN-FILLED **Holiday PROGRAM** THIS JUNE / JULY
RELAX AT OUR RESTAURANT WHILE YOUR KIDS PLAY
Any Enquiries: Ricky: 076 942 0502 Tel: 013 752 2165 e-mail: info@thesplat.co.za

Discover the *perfect* you
CS NAIL STUDIO
013-741-2147
Book today
nailstudios@gmail.com / cs-nail-studio.business.site
Shop 50, Building 6, Sonpark Boulevard, Annecke St, Nelspruit
Distributor of Akzentz / Stockists of Nimue, Fellerina & Crescina

Drie bobaasbaksters: net een kan wen

Vir die drie finaliste in die Huletts Koeksisterkompetisie was Vrydag 'n groot dag. Hulle het vir die heel eerste keer die stempunte besoek en het ook op die kykNET-Leefstylverhoog verskyn saam met Donnalee Roberts en Ivan Botha wat hulle nuwe rolprent *Stroomop* by die fees kom bemark het. Die wenner word vanaand op die hoofverhoog bekend gemaak en wen 'n allemintige R100 000. Gaan proe gerus dié drie susters se koeksisters by die kykNET-Leefstylverhoog en stem vir jou gunsteling.



Naam: Almarie Uys
Ouderdom: 57

Woning: Pretoria

Werk: Wetenskaplike in kliniese navorsing in onkologie en tuberkulose

Waar het jy begin koeksisters bak?

Ek bak al sedert ek 'n klein dogtertjie is en my ma en ouma het ook koeksisters gebak. My ma het gedink sy het my ouma se resepe verbeter en ek het gedink en het my ma se resepe verbeter en hier is ons nou.

Wat sou jy met die R100 000 maak as jy sou wen?

Ek wil graag 'n elegante en deftige teetuin vir dames oopmaak.

Wat is jou geheim?

Die deeg moet net reg wees en jy moet elke koeksister perfek vleg. Koeksisters moet dieselfde hoeveelheid vlegsels in hulle hê en die beentjies moet stewig afgeknyp word.



Naam: Christine Spies
Ouderdom: 63

Woning: Mbombela

Werk: Afgetree, maar ek was 'n verpleegsuster.

Waar het jy begin koeksisters bak?

Ek het eers na my aftrede begin bak vir die kerk in Shelley Beach waar ons toe gewoon het. Ons bly nou drie jaar hier en vriende het my aangemoedig om vanjaar deel te neem.

Wat sou jy met die R100 000 maak as jy sou wen?

Ek sou graag opknappings aan my kombuis wou doen.

Wat is jou geheim?

Die deeg moet nie te koud wees nie dan bak die koeksisters net reg.



Naam: Marida Schutte
Ouderdom: 38

Woning: Bloemfontein

Werk: Konstruksiebedryf

Waar het jy begin koeksisters bak?

My ma het my van kleins af leer bak. Ek het eers op Craddock gebly en toe daar begin bak en begin verkoop. Ek het sedertdien na Bloemfontein verhuis en verskoop nou koeksisters aan die Noord- en Oos-Kaap en het ook 'n groot mark in Bloemfontein self.

Wat sou jy met die R100 000 maak as jy sou wen?

Die droom is om 'n nuwe bakkie te koop om my aflewings makliker te maak.

Wat is jou geheim?

Ek bak elke lieve koeksister individueel en ek glo hoe meer jy knie, hoe sagter gaan hulle wees.

Outomatiese tellermasjiene loop leeg en laat feesgangers in die steek

Arisa Janse van Rensburg

Donderdagmiddag was talle feesgangers ontvrede omdat Standard Bank se OTM'e op die feesterrein nie gewerk het nie.

Van die masjiene was van lyn af of het by tye nie meer kontant gehad nie.

Volgens Sandra Jacobs, media- en bemarkingsbestuurder van die fees, was die fout nie tot die feesterrein beperk nie.

“Ons het met Standard Bank gepraat en hulle het gesê dat dit 'n landswye probleem was, dat die banke van lyn af was, en dat hulle besig was om die probleem reg te maak.”

Volgens Jacobs is die OTM'e wat buite werking is nie noodwendig 'n probleem nie. “Die meeste van die stalletjies en bierente aanvaar wel kaarte. As feesgangers egter net kontant wil gebruik, is dit dalk wys om eerder vooraf geld te trek.”

Alhoewel sommige van die OTM'e Vrydag weer gewerk het, was die rye baie lank en die aanvraag na kontant dus groot.

Om hierdie verkeer by die OTM'e en 'n oponthoud by stalletjies en bierente te vermy, word feesgangers aangeraai om eerder met kontant in die hand na die fees te kom.



Sommige van die OTM'e was egter Vrydag steeds toe.



**BU
CO**
HARDWARE · BUILDWARE
LET'S BUILD TOGETHER

ONS VERSKAF NET DIE BESTE AAN BOBAAS BOUERS



Kor

SAAM MET ONS VIR UITSTEKENDE DIENS

BESOEK

www.buco.co.za



Vind ons op:
BUCO South Africa

OU PRETORIAWEG 4, NELSPRUIT | 013-753-5300



TOOLS
CONTRACTORS
DECOR
HARDWARE
PAINT
OUTDOOR
PLUMBING
ELECTRICAL
TRUSSES



Franci Swanepoel en Sandra Prinsloo vertolk die rolle van Emma en Katrien. Foto's: Mia Louw/Innibos

Dié dramaturg se debuutwerk wys sy het haar eie stem ontdek

Paul Boekkooi

Soebatsfontein deur Annemarie van der Walt
Met Sandra Prinsloo en Franci Swanepoel
Regie: Philip Rademeyer

Die volle kennismaking met Annemarie van der Walt se debuut as dramaturg kon nouliks op 'n meer ideale wyse as hier tydens Innibos verwesenlik word. Die teatergode uit antieke tye wat byvoorbeeld oor die ryk Griekse en Romeinse eras hulle magiese kragte uitgestort het, sal waarskynlik glimlag oor die feit dat iets soos *Soebatsfontein* soveel oor ons eie tyd aan die mensdom kan meedeel én nalaat.

'n Dramaturg van statur is een van die groter geskenke aan 'n samelewing soos ons s'n. Ons bly worstel met ons identiteit, ons plek in die plaaslike en wêreldgemeenskap, ons revolusies, selfs ons evolusies, asook die verskillende maniere waarop die uitbeelding van die emotiewe die bindweefsel kan wees vir verbeterde menseverhoudings.

Hierdie drama oor die langdurige, maar ook gekompliseerde vriendskap tussen twee vroue is soos kamermusiek wat met ingehoue uitdrukkingsmiddele beslis 'n wye verskeidenheid van stemmings aanraak en kan uitdra. Waar die stuk dit nodig het, is die dramatiese crescendo's uiters gepas binne die soeke na dié soort gemeenskaplike harmonie waarop gesonde verhoudings floreer, gevestig.

Reeds met die deurlees van die nie-finale teks, was dit duidelik dat Van der Walt reeds haar eie stem ontwikkel het, dat die dialoog en humor skerp is, maar tegelyk ook vloei

en die belangrikste van alles: dat dit met betekenis gelaai is. Met ander woorde: Net die belangrikste kom hier ter sprake.

Mense wat by langdurige vriendskappe betrokke is en mekaar begryp, benodig geen uitgerekte gesprekke nie. Dit is reeds oorduidelik met die openingstoneel: Katrien (Sandra Prinsloo) en Emma (Franci Swanepoel) is op reis deur die Noord-Kaap. Nadat laasgenoemde in diepe slaap verval het terwyl eersgenoemde bestuur, neem dit 'n tydjie voordat die eerste gesprek loskom.

Hierna is dit duidelik: Tussen hulle is dit presies 'n geval van dat 'n goeie begrip slegs 'n halwe woord nodig het. Hulle gesels byna in telegramstyl en hulle wedersydse blikke na mekaar vul die res van die verhaal in.



Dit is meesleurend, met tot in detail genuanseerde infleksies in spraak, gekombineer met uiters subtiele liggaamstaal

Hier is ook 'n wedersydse vriendskap wat vir albei partye stimulerend is, met die potensiaal om skynbaar so te kan bly.

Daar is egter twee prominente krisisoomblikke wat hierdie oënskynlike gemoedelike dramaties kan versteur. Terloops: Om die feite daaromheen te openbaar sou oneties wees.

Sandra is so binne-in die wese van Katrien se karakter - een wat deur 'n ongebonde avontuurlus voortgedryf word - dat sy aanvanklik as synde gedrewe deur selfsug

oorkom.

Vir balans bring haar latere begrip en gedeeltelike deurgroting vir wat Emma in haar huwelik moes verduur, asook ander feite, 'n welkome herstel van ewewigtheid na vore, al daag praktiese oplossings rondom Emma se besware haar uit.

Franci oortuig rondom die bepaald uitdagende laste wat die lewe op haar geplaas het.

Dramaties is die rol van Emma in sommige opsigte meer kragtig omlyn as dié van Katrien, maar laasgenoemde moet byvoorbeeld uiters sensitief te werk gaan om die vriendskap weer op die herstelpad te plaas.

Spelgewys, en veral wat die suggestie van die dieperliggende lae van konflik betref, weeg albei aktrises sterk teenmekaar op. Dit is deurentyd meesleurend, met deurdagte en tot in detail genuanseerde infleksies in spraak, gekombineer met uiters subtiele liggaamstaal.

Philip Rademeyer se regie is volkome op ekonomie van uitdrukking rondom die spel gerig. In die enkele hoogs dramatiese toneel naby die einde waar die twee vriendinne hulle frustrasie met mekaar bykans in fisieke geweld laat oorgaan, is die feit dat dit kort en kragtig was 'n winspunt. Annemarie van der Walt het haar pad na erkenning as dramaturg met *Soebatsfontein* wyd oopgeskryf. Daar word uitgesien na haar dramaturgiese Opus 2.

Vandag om 10:00 by Nelspruit Laerskool.
Tydsduur: 65 minute. Prys: R142.



'n Keur van die bestes hou vanaand konsert

Maak jou reg vir Saterdagmiddag se kykNET-konsert wat Innibos se 15de verjaarsdag behoortlik gaan vier.

Die konsert word vanjaar vir die vyfde keer geregisseur deur Barry Pretorius. Pretorius is ook die regisseur van onder andere die Afrikaans is Groot- en Classics is Groot-konserte.

Feesgangers kan hulleself dus regmaak vir 'n nog groter en beter ekstravaganza as tevore.

Met Saterdagmiddag se konsert, wat 18:00 begin, word Leon Schuster, die vervaardiger Boet Pretorius en die sanger Aviccii vereer.

Volgens Pretorius word dié konsert al

vanaf Januarie deur 'n kreatiewe komitee beplan.

"Ons besluit wat die grootste treffers is wat ons wil insluit en kies dan watter kunstenaars daar moet wees.

"'n Konsert kan nie werk as die inhoud nie reg is nie. Ons moet weet wat die gehoor wil hê," sê Pretorius.

Die volgende kunstenaars tree by die konsert op:

Ray Dylan, Theuns Jordaan, Jo Black, Jay, Lianie May, Emo Adams, Snotkop, Robbie Wessels, Craig Lucas, Monique Steyn, Ricus Nel, Tarryn Lamb en Lielzel Pieters.



Olof Bergh kom maak sy buiging by die fees

'n Ou feesgunsteling het vanjaar in 'n nuwe baadjie by Innibos 'n draai kom maak. Distell het vanjaar vir die eerste maal met hulle produk Olof Bergh na die fees gekom en beman die Olof Bergh/Drosty Hof-biertent regs van die hoofverhoog. Volgens Distell Nelspruit se verkoopsverteenwoordiger, Casey Schaefer, het hulle vanjaar op Olof Bergh besluit om mense bewus te maak van die feit dat dit 'n goeie en bekostigbare brandewyn is. Dié gewilde biertent wys ook vanaand die rugby. "Ons het ook 'n platejoggie wat na die verrigtinge op die hoofverhoog elke aand by die biertent musiek maak," sê Schaefer. "Ons het ook 'n spesiale aanbod op Distell se Count Pushkin Vodka en Oshee." Die Olof Bergh/Drosty Hof-biertent is elke aand tot 00:00 oop. Michael Meyer en Casey Schaefer is albei verkoopsverteenwoordigers van Distell.



Rx VAN HEERDEN
Family Pharmacy
Familie Apteek

ONAFHANKLIKE APTEEK NETWERK **script savers**

JOU winter keuse WEN
R10 000 Weekliks

 A Vogel Echinaforce 50ml	 Revite Magnesium Slow Release Tabs 100	 Tibb Septogard Tabs 60's
110⁰⁰	80⁰⁰	105⁰⁰
 Letibalm Repair 10ml	 Iliadin Metered NSpray 0.05% 10ml	 Kolorex Digestive Care Tabs 30's
55⁰⁰	80⁰⁰	225⁰⁰
 Letibalm Repair Balm Jar	 Airmune Ftabs 10's	
55⁰⁰	62⁰⁰	
 Entiro Caps 30's	 Linctagon C Orange EFF12's	
125⁰⁰	69⁰⁰	
 Oscilloccinum Vials 6's	 Strepsils Coolmint Loz 16's	
116⁰⁰	58⁰⁰	
 Tibb Winter Flu Pack	 <p>GRATIS AFLEWERING OP INNIBOS FEESWEN!</p> <p>Trotse Borg van innibOS</p>	
209⁰⁰		

MybulenTabs 30's	70⁰⁰
Colchicine DS Aspen 1mg 6's	30⁰⁰
Lessmusec Caps 30's	40⁰⁰
ACC 200 Effervescent 25's	79⁰⁰
Corenza C Eff 10's	63⁰⁰
Advil CS Cold and Sinus Tabs 20's	68⁰⁰

NELSPRUIT (Sonpark)	- 013 741 1103/4
NELSPRUIT (Westend)	- 013 745 7160
SABIE	- 013 764 1268/9



THE AFTERPARTY

want dis hoe ons jol!

2 DANSBANÊ 1 VIR SOKKIE
1 VIR CLUB

Drinks Specials!!!

X3 DJ'S

SPECIAL GUEST JACARANDA FM DJ

DJ DECIBEL "Cause 7 like it loud!"

DJ TYRON

Unit 43 & 44, Central Park, 12 Suikerriet Street, Nelspruit

GPS: 25°30'02.3"S 30°54'49.0"E



Rock of rock-off: 'n konsert vir almal

Stefan de Villiers

Die voorliefde vir rock-musiek is opnuut aangewakker toe vier van die land se gewildste bands die bos behoorlik gisteraand aan die brand gehad het by die kykNET NOU! Rock-konsert.

Een ding is vir seker - rock is nog lank nie dood nie en dié genre is 'n uiters waardevolle toevoeging tot Suid-Afrikaanse musiek.

Wit Kasteel het die konsert afgeskop en 'n langdradige vertoning van onbekende musiek sou 'n wig tussen dié groep en die handjievol toeskouers indryf. 'n Treffer waarmee enige rockliefhebber hulle egter kon vereenswelwig was "Whoo Hoo", oorspronklik gesing deur Blur, wat die rooitapyt gelê het vir oornagsensasie, Matt Carstens. Die oomblik toe hy sy voete op die verhoog sit, was die partytjie aan die gaan.

Carstens het met treffers soos "Broken Society" wat hy self geskryf het, die Internet op sy kop gedraai en aanhangers is dit eens dat iTunes byna in duie gestort het toe die enkelsnit vrygestel is.

Soos wat sy lirieke met verloop van die aand ontvou het, het die litte begin los raak en is 'n toestand van jeugdige voortvarendheid waarin alles nog moontlik is, geskep.

Sy poëtiese resonansie is gevolg deur die diep bevredigende basklanke van die elektro-kletsrymgroep, Bittereinder wat die skare behoorlik aan die hop gehad het.

Wonderboom ruk al vir 22 jaar SA verhoë, en het rockers op hulle voete gehad met onder meer die klanke van "Shadow", en ten slotte 2005 se "Charlie" waarby talle aanklank kon vind.

In afwagting op waarskynlik een van die land se mees kontroversiële rock-groepe, Fokopolisiekar, het die skare in hulle massas begin saamdrom. Die opgewondenheid was tasbaar en hulle het soos een man begin om die groep te roep.

Uit die staanspoor het dié rock show uit sy nate gebars met Francois van Coke wat sy verskyning maak en die voortou neem.

Nostalgie is aangewakker soos Van Coke nuwe treffers afwissel tot die

terugflitse

na ou

bekendes

soos

"Brand

Suid-

Afrika"

en "Vernietig

Jouself", en

natuurlik die tydlose

treffer "Hemel op

die Platteland".

Dié hoofvertoning het tot oungat toe geduur, en aanhangers is in 'n beswyming van genot en redelike nekspasmas gegroet met die groep se bekendste treffer, "Fokopolisiekar".

Vanaand is Piet Botha, Van Pletzen ft Early B, Dan

Patlansky, Just

Jinger en The

Black Cat

Bones aan

die beurt.

Carstens se poëtiese resonansie is gevolg deur die diep bevredigende basklanke van die groep, Bittereinder





Foto's: Hennie Homann / www.hhphotoexpress.co.za

So word die manne van die muis geskei

Paul Boekkooi

Manne deur Chris Vorster
Met: Chris Vorster, Hennie Jacobs, Hannes Brümmer, Theodore Jantjies, Francois Lensley, Deon Coetzee
Regie: Chris Vorster

Manne klink vanselfsprekend so 'n bietjie asof die stuk regtig vir die rowwer geslag bedoel is, maar dis 'n fout om só 'n valse afleiding te probeer maak. Die skone geslag was met gisteroggend se vertoning verbaal in hul ondersteuning. Daar is humor, spanning, die *macho* avonture van die ses spierpaleise, plus een van hulle van tyd tot tyd op die deurlopende video-insetsels, wat dit eintlik 'n heerlike avontuur maak vir die twee geslagte om vir 'n slag in solidariteit bymekaar te staan en die geleentheid te geniet.

Chris Vorster is 'n teatermaker wat weet hoe om sy mengsel van intriges perfek te roer. Daar is skreusnaakse situasies, maar in *Manne* is dit ook 'n polisieondersoek wat sentraal staan. Die redes vir die groep manne se jagsamekoms is dat dit ook 'n

skoolreünie insluit. Die multimedia funksioneer soos 'n bom op die verhoog en suggereer selfs iets wat soms herinner aan driedimensionele ervarings.

Die verhaal is baie knap saamgestel en die spanningsmomente wat uitgebou word, het hulle oorsprong by die knap sintuiglike daarstelling van die *red herring*-begrip wat jou steeds aan die wonder hou wat volgende gaan gebeur, of jou so tydelik deurmekaar maak dat die uitkoms uiteindelik as 'n verrassing kom.

So middellangs, wanneer omtrent almal begin wonder wat regtig aan die gang is, beleef die stuk enkele insinkings, maar hulle is van korte duur.

Die tempo is merendeels vinnig, terwyl elkeen van die ses akteurs hulle bes doen om geronde karakters op die verhoog te laat lewe.

Manne is 'n konsep wat puik werk binne 'n kunstefees. Ondersteun dit gerus.

Vandag om 15:00 in die Nelspruit Hoërskool Auditorium.
Tydsduur: 65 minute, Prys: R142.

Chimp Eden 10% DISCOUNT
If you present this ad

the Jane Goodall Institute SA



Guided Tours:
079-777-1514

Tour times: 10:00 | 12:00 | 14:00
Adopt a chimp • Curio Shop • We are weather dependant
tours@chimpeden.com | info@janegoodall.co.za

Nelspruit's favourite family tea garden



Wild & Honey
TEA GARDEN
@ Montana Garden Pavilion

WINNER OF Best of Mbombela
Debbie 071-068-4860 | OPEN 7 DAYS A WEEK
Kaapscheep Rd, Nelspruit | Monday - Saturday: 8:30 - 16:00
Sundays / Public Holidays 8:30 - 14:30

SNIF IN DIE
news?

Gratis aflewering by jou gastehuis



VILLAGE PHARMACY
Ehmkestraat 62, Village Sentrum, Nelspruit

Tel: 013-752-4680 / 013-755-1572 / 078-392-8282
Faks: 013-752-5353 E-pos: medsen@yebo.co.za
Maandag-Vrydag 07:00 - 18:00
Saterdag: 08:00 - 13:00
Sondae en publieke vakansiedae: Gesluit
Vind ons op Facebook - Village Pharmacy

innibOS
laevelde nasionale kunstefees

BOSSEWAENS



TRAC

neem jou na enige vertoning vir slegs R10

- Die Bossewaens vervoer jou vanaf die fees terrein na enige van die vertonings, en weer terug (retoer R20).
- Kaartjies te koop by Hek 1

Skakel: 082 321 5443

@TRAC4route www.tracn4.co.za facebook.com/TracN4

TRAC
TRANS AFRICAN CONCESSIONS



'n Gelukkige oudag tog moontlik, ontdek oues

Paul Boekkooi

Mike en Mavis deur Wessel Pretorius
Met Wilson Dunster en Elize Cawood
Regie: Gerrit Schoonhoven

Ons goue teaterpaar, Wilson Dunster en Elize Cawood, het die afgelope jare begin spesialiseer in stukke wat die lief en leed van die ouderdom besing, beween, en alle emosies tussenin aanraak.

Dit is asof hulle die perfekte artistieke mondering besit om alle moontlike variasies rondom dié fenomeen met 'n aandoenlike gemak op 'n verhoog te plaas - een waarmee veral ouer lede van die gehoor altyd kan identifiseer.

Opvallend was ook dat 'n hoë persentasie van daardie stukke deur Suid-Afrikaanse dramaturge geskryf is, soms in opdrag van Elize en Wilson, of in ander gevalle ander wat aan hulle opgedra is.

Mike en Mavis deur die teatermagiër Wessel Pretorius kan wat oorspronklikheid en fantasie betref as een van die mees inspirerende kleinode in die steeds

groeiende lys van eenakters vir 'n man en 'n vrou beskou word.

Pretorius het volle kontak en deernis met die menslike siel wat immer op soek is na die soort van konneksie wat vernietigende eensaamheid kan omtower in 'n verrykende "tweesaamheid".

Mike en Mavis weerspieël 'n delikate menslikheid, met 'n brokaatagtige tekstuur wat uiters versigtige hantering vereis. Die intrige is so broos soos 'n spinneweb. Hierdie twee siele is deur die lewe gelouter, maar toe laat staan... of so blyk dit te wees.

Mavis se dogter, Deirdre, woon oorsee. Daar is gereelde gesprekke tussen die twee, maar Mavis verskrimp letterlik en figuurlik as gevolg van die afstand tussen hulle.

Daar skuil 'n fabelagtige atmosfeer en romantiek agter die oënskynlik alledaagse van die gebeure. Pretorius weet presies hoe om die inherente magiese realisme daarvan op verskeie bewussynsvlakke in te ent.

Elize is veral besonder aangrypend in haar monoloë wat al vroeg in die stuk haar werklike sielenood aan die gehoor oordra voordat die ontmoetings met die oujongkêrel

Mike (wat self 'n paar tragedieë in sy lewe ervaar het) haar lewe verander in een van optimisme, asook die kans op 'n fase van nuwe geluk wat intree.

Die dialoog is volkome natuurlik en nooit effeksoekerig of gelaai met clichés nie. 'n Voorbeeld: Mavis wat aanvanklik geen alkoholiese drank oor haar lippe sal laat vloei nie, word later deur Mike aangepor om tog maar wyn te begin drink. Hy verwys daarna as synde "grown-up grape juice".

Gerrit Schoonhoven, wat reeds voorheen met Winson en Elize saamgewerk het, se regie is die ene onderbektoneering wat perfek werk om die gehoor daarvan te oortuig dat 'n paradyslike oudag moontlik is solank die sirkelgang van die lewe daarin slaag om sielsgenote uiteindelik by mekaar uit te bring.

Dit is *Mike en Mavis* se storie... sonder te veel sentiment wat dit bloot alledaags sou kon laat klink en lyk het.

Vandag om 10:00 by Bergland Laerskool.
Tydsduur: 60 minute. Prys: R142.



Foto's: Mia Louw/
Innibos





Wynand van Vollenstee speel Sakkie Fourie.



Ernst Lubbe is goed gebou, maar dom.



Sakkie is in finansiële sak en as.

Wanneer opgeweeg beteken vet nie vrolik, groot nie beter

Mireille de Villiers

Sakkie Fourie wil nie reis nie. Sakkie hou nie van vlieg nie. Hy is depressief. En groot. Hy is in 'n finansiële verknorsing en staan op skei.

In 'n *Gewigtige Saak* blyk dit egter vinnig dat die grootte van sy lyf net 'n deel van Sakkie se probleme is.

Wynand van Vollenstee, beter bekend as Karate Kallie, speel Sakkie in hierdie solostuk wat hy ook geskryf het.

Onder die regie van Lizz Meiring kyk dit met deernis na die uitdagings wat vet mense in hulle alledaagse lewe ervaar. Dit was slegs vir een vertoning, Donderdagaand, by

Lowveld High School te siene.

Maar Sakkie is ook haatlik en woedend - oor gevolge van keuses wat hy gemaak het en goed wat aan hom gedoen is.

Hy grom oor die vrolike Patrisia, die goed geboude Ernst Lubbe en Martie die feitvraat. Al drie is kollegas teen wie hy by die werk moet kompeteer vir 'n geleentheid. Sakkie wik en weeg of hy moet veg vir die kans om sy maatskappy in China te gaan verteenwoordig.

Die probleem is dat Sakkie opsien teen die vliegtuigrit wat dit sal vereis.

Die smal gangetjie, die klein kamerverlaat, die te kort sitplekgordels, en ander mense wat nie langs jou massa wil sit nie.

Van Vollenstee laat Sakkie se pyn kort-kort deur sy tirade skemer.

Die probleem met kos, sê Van Vollenstee vroeër die week vir RSG, is dat jy moet eet om te oorleef, anders as met ander slegte gewoontes of verslawings.

Meiring sê vroue praat ook makliker oor hulle diëte en stryd met die skaal. Dit is dus ongewoon dat Sakkie ons in sy binnelewe inlaat en sy ander onsekerhede met ons deel.

Die ontknoping is egter 'n wending wat die gehoor saam met Sakkie ophef - net om ons weer netjies neer te sit, maar hierdie laaste keer met 'n glimlag. Sakkie het geleer om homself te aanvaar. Ek dink hy gaan oukei wees.

Patrisia is net té opgewek na Sakkie se smaak.

Kom proe gratis koeksisters en stem vir jou Huletts Koeksister Kampioen 2018!

Daaglik vanaf 1 - 4nm



Taste & Vote



www.hulettssugar.co.za

Valid until 5 July 2018

Vodacom 4U Nelspruit
Vodacom 4U Hazyview

013 757 0723
013 737 6160



Vodacom Fibre

Now available. Ask in store



Huawei P Smart
+ Huawei P8 Lite 2017

R349 PM x24
uChoose Flexi 220

R220 Airtime PM x24

+ FREE uChoose Flexi 60 PM x24*
Valid for new contracts only



Terms & Conditions Apply

419929NL



Rocco de Villiers.

Mareli Visser in die kombuis besig om die hoofgereg te pak.

Kevin Leo.

Pret en vermaak is deel van die verrassing

Matthys Ferreira

Dit is onwaarskynlik dat jy al ooit na 'n Zulu-tromspeler en hulle oorlogdans geluister en gekyk het terwyl jy ook rustig aan Shaka se sop in 'n blikbeker smul.

Dit laat my dink aan oorle Jan Spies wat altyd, as hy 'n ding so van diep uit sy siel geniet, gesê het: "Man, dis nou ryk en lekker soos moedersmelk." En daai Namakwaland-aksent van hom het die uitdrukking sommer groot gewigtigheid gegee.

Dit was tyd om die kos-crawl en langtafelresep te verander. Die Verrassingsete-konsep was toe geskep deur Troubelene Diedericks en Hetta Saunderson. En natuurlik, dié ding kan net werk as jy 'n energieke sjef soos Mareli Visser by die mengsel inwerk.

Voeg hierby goeie kos, goeie wyn en al die saamlopende kleure en geure, en Suid-Afrikaners kan baie gou luidrugtig raak om die etenstafel.

En grote griet! Hy is kort maar die man het 'n hoendervleismaak-stem wat luidrugtigheid vinnig aanhelp en omskep in genot van die eerste water. Ek verwys natuurlik na die sanger Kevin Leo. Hy het as "konsertmeester" opgetree.


Die verrassings-elemente van die ete het by aankoms begin met 'n melktert-drankie onder begeleiding van Casterbridge se marimba-groep.

Aan tafel was klein wit papierbakkies met rooi en groen balletjies, elk gerat om gaste aan 'n ander geur en tekstuur voor te stel. En natuurlik toe Kevin, al spelende met 'n groot stuk deeg uit die kombuis kom, was gaste nie seker wat om te verwag nie.

Mareli het gou die spyskaart verduidelik en toe word die hoofmaal op plankborde

bedien - koue vleis, 'n graanbroodjie, hoenderrepies, kaas en verskillende smere. En wel, die gaste het, so saam met 'n glasie of meer van die Van Loveren-wyne, korte mette hiervan gemaak.

Terwyl die wyntjie die gelaat eeffe sagter en die gemoed heelwat meer verbruikersvriendelik stem



Rocco de Villiers, met sy groen klavier en al, daag toe ook op en vertel van sy ervaring agter op die bakkie, 'n Ford Wildtrack nogal, wat gaste laat

skater en voete stamp het saam met die musiek.

En so tussen alles deur, word daar aan ons tafel geskerts en bespiegel oor rugby, politiek en meer terwyl die wyntjie die gelaat eeffe sagter en die gemoed heelwat meer verbruikersvriendelik stem.

Kevin se vertolking van Gé Korsten se

"Liefing" en ook daai ander ou bekende, "Cry to me" van toenterjare, dink ek, het baie herinneringe opgeroep want ek kon die stilheid op die gesigte waarneem.

Die volgende verrassing was 'n bokskoek. En raai wie maak toe sy verskyning - Neels van Jaarsveld. En sy ritmiese rap-item spoor toe van die nou avontuurlustige gaste aan om dansvaardig te raak.

Nagereg is bedien, Kevin het afgesluit met "Lied van die Lewe" en toe is dit tyd om te groet.

En nou sit ek, en ek betrag die mense. Ek dink aan Rocco agterop daai bakkie, koeksisters, Kevin met sy deeglyftaal en hoe die tannies hom oorval by die deur, Mareli se energieke persoonlikheid, en ek wonder hoe mense die verrassingsete beleef het?

Ek hou van die langtafel ding. Ek hou van die uitbundigheid wat reaksies van almal ontlok - die kos wat jy met jou vingers kan eet en natuurlik, die verrassings. Hetta en Troubelene kan ontspan. Die resepe werk!



Nicolette Hinrichsen maak haar bolla los.



Hoofgereg.



Shaka se sop.



Jy sal jou oë nie glo wat dié verwer optower nie

Mireille de Villiers

Die spoedverwer Graham Hide het Donderdagaand die Innibos-gehoor iets laat sien wat hulle nog lank sal onthou.

kykNET NOU! konsert se organiseerder, Adelene Niehaus, sê sy soek al lank na die geleentheid om Hide se talente in te span.

Sy het hom toe gevra om Karen Zoid se gesig se verf om haar optrede dié aand aan te kondig. Hide het gevoel een figuur is nie 'n groot genoeg uitdaging nie, en Francois van Coke en die Innibos-logo bygesit.

Niehaus het hom vrye teuels gegee en was dus net so verras soos die gehoor.

Op die maat van My Chemical Romance se "The Black Parade" het hy op vier vierkantige blanko borde begin verf. Hy het kort-kort die vier saam en afsonderlik roteer



Graham Hide. Foto: Carlo Engelbrecht

en die gehoor het oopmond gestaar soos iets vorm aanneem. Van Coke se gestalte was nie herkenbaar tot en met die finale rotering nie.

Nog was Hide nie klaar nie. Hy het aanhou verf en, siedaar, na nog 'n paar rotasies, verskyn die Innibos-logo. Dit is toe dat Zoid se "Afrikaners is plesierig" begin speel. Teen hierdie tyd het die gehoor begin vermoed wat die volgende beeld gaan wees.

Sy het net daarna in lewende lywe haar optrede met haar treffer van ouds afgeskop.

Hide vertel dat Shane Turner hom sowat 10 jaar gelede leer spoedverf het. Hulle het saam Paint Addiction begin en in 2015 die semifinale van die SA's Got Talent-kompetisie gehaal.

Turner bedryf Paint Addiction nou in Ierland, en Hide hier. Hulle tree meestal by korporatiewe geleenthede op (om en by 17 per jaar), so die Innibos-verhoog was vir Hide 'n baie groot geleentheid.

"Dit was fenomenaal," sê hy. "Dit was uiters verkwikkend en die gehoor se reaksie was wonderlik."

Omdat dit 'n unieke skildery is, moes hy dit eers ontwerp en dit dan vir drie weke elke dag ten minste een keer oefen - op die maat van die musiek. Dis presies gehoreografeer vir die dele om te roteer op die maat van die musiek. "Jy moet dit opwindend hou en laat sin maak vanuit die gehoor se oogpunt. Dit verg net hope en hope inoefening."

Niehaus sê baie mense het gedink sy is gek om dit aan te pak. "Dit was fantasties," sê sy na die tyd. Boonop is Hide lekker om mee saam te werk, voeg sy by. "Hy is die gaafste ou en is so professioneel."



Kyk video aanlyn

www.lowvelder.co.za



Die iCollege Pumas se direkteur van rugby Jimmy Stonehouse.

Pumas verras met 'n hoë noot

Stefan de Villiers

Jimmy Stonehouse is nie net 'n uitstekende skeidsregter wat hopelik die plaaslike helde, die iCollege Pumas gaan help om die Blou Bulle vanmiddag die loef af te steek nie, hy kan toe ook sing.

Dié span, saam met hulle afrigter, het gistermiddag 'n onverwagse verskyning op die Castle-verhoog wat deur Laevelder geborg is, gemaak.

Dawerende applous het die span begroet, wat vanmiddag in die kwarteindronde teen

die Vodacom Bulle in die Supersportreeks te staan kom.

Dié vertoning was egter grotendeels daarop gemik om rugbyondersteuners na Mbombela Stadium te lok, waar die kragmeting skuins na 12:00 sal plaasvind.

Die span het ook beloop dat na afloop van die wedstryd, hulle 'n koue enetjie saam met hulle lojale ondersteuners in die Castle-tent sal nuttig.

Die hekke maak 11:00 oop, kaartjies beloop slegs R40 en kinders is verniet.



HATFIELD PRETORIA

WALKING DISTANCE FROM TUKKIES / LC DEVILLIERS CAMPUS / GAUTRAIN AND CENTRAL HATFIELD

STATE OF THE ART SECURITY / BIOMETRIC ACCESS

ON SITE RESTAURANT / LAUNDRY / CLEANING SERVICES

SMS NAME AND NUMBER TO
082-373-8620
082-416-2514
OR EMAIL
CZP@CZP.CO.ZA



RIETVALLEI MANOR PRETORIA EAST

46 EXCLUSIVE UNITS - DOUBLE & SINGLE STOREY

CONVENIENT ACCESS TO R21 / N1 (avoiding traffic)

BUILT ACCORDING TO PURCHASER SPECIFICATION



duncan court
TRENDY LIVING



RIETVALLEI
M A N O R





Grense getoets nes 'n

Arisa Janse van Rensburg

Die aarde het geskud by Donderdagaand se kykNET NOU! konsert waar van die land se beste rock-sterre hulle slag op die verhoog kom wys het.

Volgens Innibos se bemarkingsbestuurder Sandra Jacobs staan die grootste hoeveelheid mense wat Donderdag op een slag op die terrein was op 'n allemuntige 16 897.

Die konsert is geopen deur die legendariese rocker Valiant Swart wat van sy bekendste treffers soos "Sy dra te veel eyeshadow" en "Sonvanger" gesing het.

Daarna was dit die beurt van die nuweling Jan Bloukaas. Hy is op die verhoog vergesel deur uitstekende dansers en die gehoor het stuk vir stuk begin om hul sitplekke vir die staande kuier voor die verhoog te verruil.

Spogewolf het soos altyd die grense getoets met hoofsaanger Danie du Toit wat een van die luidsprekertorings op die





rocker kan

verhoog uitgeklim en in die gehoor in gespring het.

Du Toit het ook 'n storie van hom en Spoegwolf-lid Albert van der Merwe gedeel. "Ek het hom in graad drie ontmoet en gevra of hy my beste maatjie sal wees, en kyk waar staan ons vandag," het Du Toit aan die gehoor meegedeel net voor Van der Merwe se solo in "Ek dink soos jy".

Die swaargewigte in die vorm van Karen Zoid en Francois van Coke is op die verhoog deur spoedverwer Graham Hide verwelkom.

Zoid se stem was hees, maar haar optrede was steeds energiek en die gehoor was buite hulleself van vreugde om hierdie ikonies sanger op die verhoog te sien.

Van Coke het Du Toit se voorbeeld van gehoorseil (*crowd-surfing*) probeer volg maar is vinnig op die verhoog teruggehelp.

Die vertoning is afgesluit met die gewilde Die Heuwels Fantasties wat die skare tot laataand op hulle voete gehad het.



Foto's: Hennie Homann / www.hhphotoexpress.co.za

Wonde van Grensoorlog sny tot in nageslag

Paul Boekkooi

Die Reuk van Appels, gegrond op die roman van Mark Behr
Met: Gideon Lombard
Regie: Lara Bye

Ná landswye lof by kunstefeeste en speelvakke in 'n paar stede, het dié gevierde teaterverwerking van 'n reeds beroemde roman heel gepas ook Innibos bereik.

'n Vorige aanbieding daarvan in Pretoria se Staatsteater, het hierdie resensent vir dae lank agtervolg vanweë die aanklag wat ons Grensoorlog op die kollektiewe psige van ons destydse dienspligtiges moes gehad het.

Dit was sinnelose oorlogvoering, aangevuur deur 'n ideologie wat geen regverdiging sou gehad het nie omdat dit deur suiwer onuitvoerbare premisse wat bowendien onder verdenking was, aangeblaas is.

In die roman en nou die toneelstuk word dié gebeure vanuit die oogpunt van 'n tienerseun, Marnus Erasmus, wie se vader 'n generaal in die SA Weermag was, as eenmanstuk aan ons gekommunikeer. Dit is onteenseglik een van die uitdagendste en mees komplekse eenpersoonstukke óóit wat in ons teatergeskiedenis die lig gesien het.

Gideon Lombard het dié stuk, met die roman as voedingsbron en Lara Bye se indringende regiekonsep, só binne sy eie wese laat ontluik, dat die eindresultaat eintlik iets word wat vër bo die basiese realiteit en rasionaliteit van die gewone

bly uitstyg.

Lombard wórd in al sy kompleksiteit die seun wat uit bewondering vir sy militêre pa die pad sonder enige uiterlike opstandigheid bly loop het. Die treffendste aspek van *Die Reuk van Appels* is in baie opsigte die uiters detailryke en gevoelige wyse waarop veral die destydse Afrikaners hul optredes totaal deur onder andere die kategorisering van rasse regverdig het. Vanselfsprekend was die saadjies hiervoor reeds tydens kinders se vroeë skooljare geplant.

Veral Lombard se hoogs ontwikkelde stemgebruik, absoluut korrek geprojekteerde aksente en die wye spektrum van emosies wat hy deurentyd suggereer en ook afwissel, sorg dat sy voordrag nooit wat intensiteit betref faal om voluit te kommunikeer nie.

Met hierdie, vir my, tweede ervaring van 'n teks wat deurlopend nuwe perspektiewe na vore bring en met dié nuwe aanhoor daarvan detail deel wat met 'n eerste keer so maklik by 'n mens verbygegaan het, ondergaan die stuk nou volkome natuurlikerwys 'n her-evaluering.

Treffend dié keer was ook die met smaak saamgestelde musiekklinkbaan wat verskeie outentieke dokumentêre opnames insluit. Dit het opnuut aan daardie spesifieke aspek rondom die geskiedenis 'n nuwe dimensie verleen en doen dit steeds.

• Vandag om 15:00 in die Nelspruit Laerskool. Tydsduur: 90 minute.
Prys: R142.



The future is exciting.

Ready?



Get these Red Hot Innibos Deals on SA's Best 4G Network*

Sign up for any one of these deals, then visit the Vodacom stand at Innibos and get an instant prize plus be entered into a draw to WIN an LG Stylus 3 Smartphone


RED HOT DEALS NOW ON



Samsung Galaxy Grand Prime Plus Smartphone
+ Samsung Galaxy Grand Prime Plus Smartphone

R199 PMx24
▶ Smart XS+

- 8MP Main Camera, 5MP Front Camera with Selfie Flash, 5.0" qHD Screen
- Expandable Memory with MicroSD
- 2600mAh Battery



Nokia 2 Smartphone
+ Free Nokia 1 Smartphone

R119 PMx24
▶ uChoose Flexi 120

- 8MP Main Camera with LED Flash and 5MP Front Facing Camera
- Qualcomm Snapdragon Quad Core Processor
- Pure Secure and Always Up to Date with Android Nougat

Available at Your nearest Vodacom Shop, Vodacom 4U and Authorised Vodacom Dealers.

Offer valid from 12th June - 5th July 2018

R204 Once-off SIM & connection

Standard terms and conditions apply. All Contract deals are subject to signing a 24-month Vodacom Contract and a once-off SIM and connection fee of R204 on all new Contract, unless otherwise stated. VAT inclusive. E&OE. *Customers can get a 2-year free uChoose Flexi 60 Contract on the second free device. All Once-off Data bundles will have a validity up until 23:59 of the 30th day from and including the day of purchase. * Voted #1 by the South African Customer Satisfaction Index. For full terms and conditions visit vodacom.co.za



Die Hummingbirds het ook opgetree.

Woord en lied weerklink in natuur se katedraal

Liezel Lüneburg

Dié wat eweneens lief is vir lees én vir luister, mis die Sappi Boeke-crawl vir niks nie. Dit is immers een van die mees suksesvolle produksies wat soos 'n ou bekende jaar na jaar deel vorm van die Innibos-repertoire.

Verlede jaar was ek vas oortuig van die feit dat die *crawl* op geen ander plek as Kaapsehoop sou kon slaag nie. Maar nou ja, ek kan ook nie altyd reg wees nie...

Die 2018-produksie neem ons teen die berg uit tot by die mond van die magtige Sudwala-grotte en ek besef maar net weer dat die Laeveldse omgewing ryk is aan wondermoorie plekke. Net soos die natuur, is die woord in watter vorm ook al tog ook kuns, en 'n kombinasie van die twee is poësie.

'n Propvol, jolige bus, bestuur deur Patrick, ry langs die Panorama-roete na die grotte en my eerste gedagte is dat die opdraende-*crawl* sekerlik ook simbolies

is: Afrikaans het 'n ver pad gekom en moet dikwels vir bestaansreg veg om tog keer op keer teen verwagting bo uit te kom.

Die eerste stop is Sudwala Lodge. Hier wag vriendelike personeel saam met Mathys Roets en Dana Snyman ons onder die bome in met iets te ete en die eerste woorde.

Mathys sing Lukas Maree, Koos du Plessis en Gert Vlok Nel en die bekende klanke deur 'n geliefde stem is hartverwarmend. Voeg daarby 'n blikbekertjie wyn en heerlike steak-rolletjie en die resultaat is 'n geslaagde afskop vir 'n skitterende produksie. Ons ken Dana Snyman as 'n bobaas-storieverteller en hy vertel van sy grootwoordjare op Daniëlskuil. En nie sonder 'n paar trane nie. "Bloukollie is 'n taal wat net hartseer ken..."

Nader aan die grotte, by Pierre se restaurant, lees Paul Eilers, geliefde akteur, sketse voor terwyl feesgangers aan poeding smul. Hy beskou Chris Barnard as ons beste kortverhaalskrywer en laat, in sy eie woorde, nie 'n geleentheid verbygaan om iets van hom voor te lees nie.

"Climax" van Pieter du Plessis is 'n goeie metgesel vir Barnard se werk en laat die gehoor een oomblik skater lag en die volgende 'n traan pink. Die Hummingbirds, 'n talentvolle plaaslike sanggroep, tree saam met Paul op.

Laurika Rauch, Daniël Hugo en Loki Rothman sorg vir die *grand finale* en die Amfiteater binne-in die grotte is die ideale venue om die Boeke-crawl


mee af te sluit. Die atmosfeer is bykans heilig - die massiewe vertrek is 240 miljoen jaar gelede uit Prekrambiese dolomietklip gekerf en immers die natuur se eie kerk.

Loki is nie net 'n kitaarvirtuoos en meester van verskeie kitaargenres nie, maar ook geseën met 'n betowerende stem. Hy verstom luisteraars met 'n keurspel op kitaar uit die rolprent *August Rush* en vorm saam met Laurika 'n gedugte span agter die mikrofoon. Laurika het natuurlik geen bekendstelling nodig nie en bly een van die mees geliefde sangeresse wat Suid-

Afrika nog opgelewer het. En dan kom ons by Daniël Hugo.

Daniël kan beskou word as 'n meester van Afrikaans, en met rede. In Joan Hambidge se woorde kan sy digkuns "ten beste opgesom word as 'n bemoeienis met die woord". Hy het die vermoë om met min, eenvoudige woorde die mees ingewikkelde landskappe te skets en roerendste emosies te wek.

Nou ja, so kom alle goeie goed tot 'n einde. Maar tot volgende jaar. Ek mis die Sappi Boeke-crawl vir niks nie!



Dana Snyman.



Mathys Roets.



Paul Eilers.



Die gehoor geniet Dana Snyman en Mathys Roets onder die bome.

Feesgangers krôl lag-lag deur hierdie bos

Helene Eloff

Daar is niks so lekker soos om te lag totdat jou maag begin pyn nie. As jy nog nooit 'n komedie-crawl by Innibos meegemaak het nie, sit dit vandag op jou moetlys. Die krôl is gisteraand drie keer aangebied. Te oordeel aan die sukses van hierdie lekker lagsessie behoort dit volgende jaar weer deel te vorm van die feesprogram.

Melt Sieberhagen, Joey Rasdien, Schalk Bezuidenhout en Wicus van der Merwe is die vier komediant wat komedieliefhebbers laat kruip het van die lag. *Crawlers* is in



Wicus van der Merwe.

Mbombela per bus opgelaa en drankie in die hand na Ingwenyama Lodge vervoer waar daar van die een lagstasie na die volgende gestap is.

Melt se droë kommentaar het die aand afgeskop. "Dis lekker by Innibos, want die mense Laeveld loud." Die Laeveld is een van 'n handjievol plekke waarmee hy goedsmoeds die spot gedryf het. Die man is deesdae 'n Kapenaar nadat hy ter wille van die liefde daarheen verhuis het. "Ja, dis 'n bietjie ver, maar as jy soos ek lyk en iemand is lief vir jou, dan sê jy net ja!" was sy kommentaar. Melt meen die mense in die Kaap is vreemd. Die onlangse waterbeperkings het die aanbeveling ingesluit dat hulle net twee keer 'n week moet bad. Volgens hom was dit vir die hippies een keer te veel. Hy het groot planne vir die kanon op Signal Hill wat elke dag 'n knal deur die stad laat weergalm. Dit sluit ammunisie en regverdigheid in - elke inwoner sal 'n beurt kry om te mik en te skiet.

Joey het geen gelyke nie. Sy spitsvondigheid is deurspek met verwysings na die wetenskap, filosofie en sielkunde. Toe die man 'n stuk rekeningkunde só verduidelik dat feesgangers dubbelgevou het van die lag, was dit duidelik dat hy 'n gebore grapmaker is. (Moet wees, want daar was vroeër vir my niks meer vervelig en minder snaaks as die fynere nuanses van somme nie.) Toe die grappies ure na die kruip reeds op 'n stokkie was, was dit Joey se sosiale kommentaar wat steeds bly vassteek het. Hy het gesels oor 'n mens se punt van verwysing en "kognitiewe dissonansie". Hierdie



Schalk Bezuidenhout.

term verwys na die negatiewe emosies wat 'n mens ervaar wanneer jy aan 'n waarheid blootgestel word wat nie strook met dít wat jy geleer is en glo nie. Suid-Afrikaners wat met ander kulture te doen kry, ervaar dit soms omdat hulle punt van verwysing grense daargestel het vir hulle sienings, verwagtinge en begrip van hoe dinge gedoen moet word. "Ons moet meer empatie toon met mekaar. Probeer ander se punt van verwysing verstaan en toon empatie," was sy raad en hy het dit geïllustreer met verwysing na Nelson Mandela. "Hy het die punt van verwysing van die mense wat hom skade gedoen het leer verstaan, empatie getoon en vergewe. Ons het meer daarvan nodig."

Schalk se giggelgeel T-hemp het 'n treffende slagspreuk daarop gehad: "Lekker Kempton". Die man lyk soos iets uit 'n strokiesprent. Sy hoogwaterbroek word met 'n gordel om sy middel gehou. Sy wit sokkies loer daaronder uit. Schalk se Charlie Chaplin-snorretjie en krullebol rond die visuele deel van sy vertoning goed af. En

dan maak hy sy mond oop en die skaterlag hou vir 'n halfuur nie op nie. Hy meen JacarandaFM se Secret Sound-kompetisie het belaglik geword. "In die verlede kon 'n tannie inbel, raai dat die geluid 'n slot was wat in 'n sleutel draai en R100 000 wen. Nou werk dinge anders - nie eers 'n raaskoot soos 'dis 'n eksotiese mossie wat 'n drol laat val op 'n Tankwa Karoo-dak' is vreemd genoeg nie, omdat die antwoorde selfs meer vërgesog is as dit."

Schalk is baie trots op sy taal en het feesgangers gemaak om Afrikaanse produkte, produksies en mediaplatforms te ondersteun. Hy het voorgelees uit sy gunstelingtydskrif, *Intiem*. "As jy jou *Intiem* hier het, kom ons lees saam op bladsy 56," het hy begin. Terme soos "seksspel" en die frase "speel 'n bietjie solo" het laat blyk waarom alles, selfs seks, snaakser is in Afrikaans. Hy het darem ook genoem dat sy ma nie altyd sy grappies goedkeur nie. "En dan nooi sy die konserwatiefste mense wat ons ken na my vertonings toe!?"

Hierna was dit tyd vir worsbroodjies en wyn voordat Wicus van der Merwe aan die beurt was. Min dinge is so snaaks soos oukskoolse Weskus-humor met 'n kleurlinggrap of twee. Het jy geweet dat Wicus nie net 'n komediant, sanger en akteur is nie, maar ook 'n afslaer? Hy het hierdie vaardigheid met groot sukses by sy staaltjies geïnkorporeer en was die enigste komediant wat deur laggende gehoor met trane op die wange teruggeroep is vir 'n *encore*.

Die busrit op pad terug was gesellig en feesgangers het verskil oor die hoogtepunt van die aand. Uit die kommentaar was dit duidelik dat die verskeidenheid komedie verskeer het dat elkeen 'n ander oomblik wou uitsonder. Vir my was dit die nabetrugting oor kognitiewe dissonansie wat my nou nog bybly. Dankie, Joey - so leer die boere lag-lag so.



TOTAL REINFORCING SOLUTIONS

to construction, civil, mining and engineering markets, including the supply, cut, bend, delivery and wiring into position of steel reinforcing

419452R

PROUD SUPPLIERS OF:

- Reinforcing steel
- Reinforcing mesh
- Angle iron
- Round tube
- Square bar
- Square tube
- Fixing of steel
- HR sheets & plates
- CR sheets
- BRC -Thru Fence
- Brick force
- Window sections
- USB green
- Structural steel



##RSC

5 Meidlinger Street, Industrial Site, Nelspruit

Tel: 013-753-2141/2

nelspruit@rsh.co.za / www.rsh.co.za

Locals deliver a world-class performance

The classic satirical political play, *Woza Albert*'s actors received a standing ovation on Friday at Lowveld High School.

Local award-winning actor and director Mncedisi Shabangu who co-stars with Nhlanhla Nhlabathi gave a memorable performance.

It was performed at Innibos Lowveld National Arts Festival for the first time. *Woza Albert* is a classic that imagines the second coming of Christ

(Morena) in South Africa during the apartheid era. Masses attended and the audience greatly enjoyed the humour portrayed through a range of ordinary characters on the streets of Mzansi.

During the performance, the actors - both from KaNyamazane - gave reference to the Bible and showed how they imagined the interaction between Christ and ordinary South Africans would have been. This proved to be a stirring and thought-provoking element of the stage drama.

Shabangu fulfilled many roles on

and off stage, as he also directed and produced the play.

Audience members had many compliments regarding the show. Leon van Zyl, for example, said he loved that it was revived by Shabangu and award-winning actor Hamilton Dhlamini.

"There was a lot of energy during the performance and it was great to see a diverse audience watching it. This is not the first time that I have watched this play, although I love this revived version. The amount charged for the


ticket was little compared to other shows and I wish they could have charged the same amount, considering the excellent standard they achieved from beginning to end," said Van Zyl.


Wandile Shabangu said he loved everything about the show. "It was a great performance and I came to watch it simply because local actors are performing."

Woza Albert was created in 1979 by authors and actors Percy Mtwana and Mbongeni Ngema in collaboration with Barney Simon, artistic director at the Market Theatre. It opened in 1981 and has since won more than 20 awards worldwide.

In 1986 it was revived by the Market Theatre with Sello Maake KaNcube and Louis Seboko and again in 2001 another one. In 2012, Shabangu Dhlamini revived it.

Masses attended and the audience greatly enjoyed the humour portrayed through a range of ordinary characters





Majozi.



Majozi.



Die Legogote Band.

Majozi neem 'n toer deur eg SA musiek

Arisa Janse van Rensburg

Die skare was heelaand op hulle voete toe Majozi Vrydagaand saam met die Legogote Band by die Casterbridge Barnyard-teater opgetree het. Hierdie venue is vanjaar vir die heel eerste keer deel van Innibos.

Afgesien van 'n yskoue verwelkoming by die deur, was die atmosfeer witwarm aan die binnekant van die teater.

Die Legogote Band het die konsert begin en eg Suid-Afrikaanse gunsteling soos "Hamba Nawe", "Vuli

Ndlela" en "Impi" gesing. Die energieke jongklomp het die vertoning in 'n partytjie laat ontfaar en oud en jonk het saamgedans. Daarna was dit die immergewilde Majozi se beurt. Hy het die konsert met sy treffer "Waiting" geopen.

Oudergewoonte het dié teater weer heerlike kos bedien en daar is tot laataand toe gesing en gedans.

Vandag om 11:00 is Ruda Landman in 'n boeke gesprek by Casterbridge te sien en om 14:00 word die kunsvlieg Vincent by dieselfde venue vertoon.



Die Legogote Band.

Wen-video van hoe ons rol, bring dié manne lekker pryse in die sak

Die weners van Innibos se Rap 'n Rol-kompetisie het vandeeweek heerlike pryse ontvang as beloning vir hulle musiekvideo's.

Die fees se kletsrymliedjie "Dis hoe ons rol" het vooraf soos 'n veldbrand op sosiale media versprei. Deelnemers kon toe hulle eie weergawe daarvan maak deur 'n slimfoonvideo van hulleself te neem waarin hulle die liedjie of self rap, of cool danspassies op die klankbaan uitvoer.

Hulle kon ook 'n video neem by Innibos se pop-up-ateljees wat by verskeie

winkelsentrums, van Mbombela tot in Pretoria, opgestel is.

Wessel en Wihan se oulike musiekvideo het koning gekraai. Hulle is as die heel beste groep aangewys en het met 'n kontantprys van R2 000 weggestap. JP Meyer het 'n tablet en drukker, geborg deur Pronto Computer Solutions, gewen vir sy remix van "Dis hoe ons rol". Mindful Marketing het die kompetisie bestuur.

Al die beste video's is op die spesiale Innibos YouTube-kanaal. Gaan loer gerus.



JP Meyer en Piet Small van Pronto Computer Solutions.



"Dis hoe ons rol" se kunstenaars Adriaan van As en Francois Jacobs, (agter) Wihan, JP Meyer, Wessel en Donna James-Jansen.



Wenners Wessel en Wihan saam met Innibos se Sandra Jacobs en Mindful Marketing se Donna James-Jansen.

AFRICAN PROPERTY AWARDS DEVELOPMENT 2017-2018



DEVELOPMENT MARKETING SOUTH AFRICA



BEST RESIDENTIAL DEVELOPMENT SOUTH AFRICA

HOUSES FOR SALE

RM-4193776



Our sales centre is open 7 days a week: 09:00 – 17:00
072 644 4955 | sales@therest.co.za | www.therest.co.za



THE REST
NATURE ESTATE



Outentiek is dié flambojante klavierspeler beslis

Matthys Ferreira

Wie is Rocco de Villiers? Nou watse vraag is dit?

“Klavierspeler, klein dorpie, groot drome, hou van blinkgoed. As ek eendag doodgaan, wil ek hê mense moet onthou dat ek klavier gespeel het,” sê Rocco.



Hy speel instrumentale popmusiek op klavier, want daar was een in die huis. “Dit is ‘n instrument wat byna ‘n orkes op sy eie is en kan wees.”

Met die *Wees Net Jouself*-vertoning vier Rocco 20 jaar in die bedryf sedert sy eerste CD in 1998 vrygestel is. *Wees Net Jouself* vertel oorspronklike outentieke stories wat ook as ‘n getuigskrif van selfaanvaarding dien. “Die sielservaring van jou eie musiek is soveel eerliker. Die aanbidding daarvan maak ‘n mens ook meer, miskien, senuagtig omdat jy jouself blootstel, maar die voordeel is dat mense makliker daarmee assosieer.”

Nou hoekom nou eers weer ‘n CD met oorspronklike musiek? “Ek het eers ‘n ander lang draai moes loop,” sê Rocco. “En wel, ek’s ‘n laatontluiker. Soms neem dit tyd voordat jy eindelijk met jou eie musiek kan spog. Ek vertel verhale. Eers vertel ek die storie vir die gehoor en dan speel ek vir hulle die klankbaan daarvan. My loopbaan is eintlik die klankbaan van my lewe,” sê hy met ‘n effe sug.

Die eerste stuk op die program vertel die storie van sy ma wat altyd ‘n roos op die skouer gedra het. Die tweede, van ‘n tannie met rooi lippe wat altyd gesê het, “Rocco, ek weet nie wat van jou gaan word nie, maar onthou om altyd jou hande te was nadat jy gebad het en, wees net jouself - want al die ander is klaar gevat.” En dan vertel hy dat dit nooit te laat is om lief te hê nie, en van nukkerige klere.

Die musiek is meesleurend en soms hartseer en ek mis hier en daar die klank van ‘n tjello. Dis soos om styf kort-arm met jou vrou te dans - julle lê julle se lywe so

inmeekaar en die wêreld is ver ver weg...

“Kort broeke en lang kouse - dié dra ek nou,” sê Rocco, “want ek kan.” En hy vertel die storie van Instagram wat deesdae kort uitgespreek word as “Sst” en van die slag wat hy in sy onkunde vir homself ‘n WhatsApp-boodskap gestuur het? Ja man, hy het twee selfone gehad, sien!

Die storie van “Wat om te dra agterop ‘n bakkie” is kostelik en konfronteer hom uiteindelik met die vraag of hy nou wragtig na 20 jaar in die bedryf verdien om agter op ‘n bakkie, geklee in ‘n pikante baadjie en op pad na ‘n plaas waar hy 300 kaartjiekopers

moet gaan vermaak, verdien? “Wel, dit is wat ek doen,” antwoord hy uiteindelik homself, “ek is ‘n klavierspeler, ek is ‘n randfiguur - vreemd vir die wêreld - was nog altyd. Maar ek is onafhanklik en doen goed op my eie terme.”

Hierdie konsert is ‘n waagstuk en ‘n poging na volkome vreeslose aanbidding van ‘n totaal outentieke Rocco - outentiekheid wat mense hopelik in hulle eie menswees sal ervaar.

Ek dink die meester se waagstuk was ‘n sukses want die 90 minute was eenvoudig 60 minute te kort.



Laurika en Loki: ‘n Wonderlike kombinasie

Alita Steenkamp

Die dag toe Laurika Rauch se pad met dié van Loki Rothman gekruis het, moet sekerlik beskryf kan word as die ontploffing van ‘n musikale supernova.

Laurika, wat die afgelope 40 jaar deel is van die Afrikaanse musiek-landskap, se pragtige stem, wonderlike lirieke en meesleurende melodieë het gesorg vir ‘n ellelang lys treffers oor die jare. Die jong Loki daarenteen, se loopbaan is relatief kort maar met besonderse hoogtepunte.

Hy was onder die top ses in die eerste seisoen van *SA’s Got Talent* en het saam met kunstenaars soos Jack Parow en Die Antwoord gewerk. ‘n Jaar of wat gelede het Laurika haar goue treffer

“Blou” nuut opgeneem en vir Loki gevra om dit saam met haar te doen. Nie net is die jongman ‘n kitaarvirtuoos wat klanke uit die instrument kan haal soos min ander in die wêreld nie, maar sy stem verweef

wonderlik met Laurika se ryk, vol stem.

In *Laurika Rauch met Loki Rothman: Blou*, trakteer Laurika dan ook die gehoor met

een na die ander treffer. Dis egter nie net nog ‘n Laurika-vertoning nie want Loki bring met sy meesterlike perkussiewe kitaarspel ‘n heel ander opwindende dimensie na Laurika se musiek. Die twee kunstenaars, wat albei wêreldgehalte is, kombineer meesterlik en gee ‘n vars nuwe klank aan ou bekende melodieë.

Loki verdwyn nie soos baie ander begeleiers, in die donkerte van die


verhoog nie. Hy word ‘n weselike deel van die vertoning en wys ook sy vaardighede as kitaarakrobaat met sy weergawe van musiek uit die rolprent *August Rush*.

Met ‘n produksie soos hierdie, propvol hoogtepunte uit Laurika se musiek deur die jare, is dit moeilik om ‘n gunsteling uit te sonder, maar die besonderse mooi weergawe van “Stille Waters” sal hierdie resensent lank bybly.


Loki se sielvolle weergawe van die Engelse vertaling, “Blue Skies”, in kombinasie met Laurika se immergewilde “Stille Waters”, is hoendervelmooi en het die wêreld vir ‘n oomblik laat stilstaan. Toe Laurika in die vertoning gesê het dat enigeen wat Loki vir die eerste keer hoor, altyd sal onthou waar en wanneer dit was, het sy beslis die waarheid gepraat.

Laurika Rauch met Loki Rothman: Blou is beslis ‘n musikale hoogtepunt by Innibos.

Die twee kunstenaars, albei wêreldgehalte, kombineer meesterlik en gee ‘n vars nuwe klank aan ou bekende melodieë



Aand van verlange na 'n vergete klassieke era



Magdalene Minnaar.

Hardus Hartzenberg

Die Klassieke Kamers het hulself weer hierdie jaar oortref met 'n uitstekende produksie. Jannie Moolman en Engelle Roux se vertolking van Schubert-liedere was uit die boonste rakke. Die briljante eenvoud wek 'n egte verlange en hunkering na 'n vergete era van intieme musiek waar die suiwere emosie van liefde en eer nog algemeen was.

Die groot verrassing was die Afrikaanse vertaling van die liedere deur Gisela van Zyl.

“Om dit in Afrikaans te hoor, het Schubert weer vir my nuwe betekenis gegee,” was van die gaste se opmerkings. “Om Schubert in Duits te sing, betrek jy die gehoor slegs op een faset, die melodie. Maar met die vertaling, kom Schubert vir 'n Afrikaanse gehoor tot sy reg en betrek jy die gehoor ook by die gedigte sodat die lieder betekenis kry soos dit hoort,” verduidelik Jannie.

Jannie het uittreksels uit sy produksie gedoen en vir seker tot die hart gespreek.

World Café, wat bestaan uit Petrus de Beer, Stanislav Angelov en Anjolie Nock, het Vivaldi se Vier Seisoene vertolk met verfrissende verwerkings vir altviool, trekklavier en baskitaar. Ek was verstom om Vivaldi so te ervaar en het my telkemale uit my stoel bevind na elke beweging. Hierdie is 'n móét vir musiek liefhebbers. World Café



José Dias en Magdalene Minnaar. Foto's: Odette Hartzenberg | Iconic Management

bring klassieke musiek na Jan Alleman op 'n interessante unieke wyse.

Ons eie plaaslike koor Sempre Vino het met gemak kers vasgehou met hulle vertolking van “Halala Afrika”, “Pepermoessie”, “Vier seisoene kind”, “Hier by my” van Coenie de Villiers en “Gebed” van Koos Doep. Die harmonie van stemme was strelend op die oor en het die hele gehoor in ekstase gehad met al die ou bekende Afrikaanse liedjies.

Magdalene Minnaar en José Dias het

uittreksels uit haar loopbaan as opera- en klassieke sanger gedeel. Magdalene se veelsydigheid is uitmuntend ten toon gestel met musiek soos Puccini se “Quando me'n vo”, “Pie Jesu”, “Can't help lovin' that man” en “Think of me” uit *Phantom of the Opera*. Die verrassende warm stem van hierdie sopraan met afgeronde note is 'n absolute bekoring.

Hierdie produksie is by uitstek 'n moet vir almal wat 'n waardering vir die fynere kunste het.



Sempre Vino.



Anjolie Nock.



Stavislav Angelov.



Engelle Roux en Jannie Moolman.



Seremoniemeester en toerleier Christelle Webb-Joubert en Walter Fourie van Sempre Vino.



Petrus de Beer.

Afrikaanse letterkuns gepas gevier

Liezel Lüneburg

Woorde Innituin is elke jaar een van die hoogtepunte van Innibos.

Die gewilde produksie word by Suikerbossie-teetuin op die Babertonpad net buite Mbombela aangebied en feesgangers wat gelukkig genoeg was om betyds kaartjies in die hande te kry, word bederf met 'n heerlike ete en glasië Van Loveren Christina. Maar, die grootste bederf is natuurlik die woorde.

Paul Eilers, programleier, is 'n pittige plaatjie en vertel humoristiese staaltjies uit sy tyd as akteur en omroeper en deur sy vertellings gee hy betekenis aan die woorde dat die lewe soms veel snaakser as 'n grap is.

Die kunswerke en gedigte van Lidi de Waal vorm deel van die program en sy het die hele pad van Witsand af gekom om met Annemarie van der Walt te gesels oor haar lewe, kuns en poësie. Ons ken vir Lidi as 'n kunstenaar wat nie net skilder nie, maar ook skryf oor die lewe, die liefde en haar grootwordjare op 'n plaas buite Fraserburg in die Groot Karoo.

Sy word geïnspireer deur die klein, kosbare dingetjies: 'n veer op die strand, haar kat se oë en haar kinders se geluk. En deur die dinge wat haar inspireer, inspireer sy weer ander deur die lieflike gedigte wat sy op haar Facebook-blad plaas: "ek bring vir julle 'n bietjie lig / en warmte / 'n bietjie vreugde / 'n bietjie lag / en liefde / want kyk hoe donker is dit hier."

Lizanne Barnard het van Lidi se gedigte getoonset en saam met veteraanaktrise Elize Cawood en musikante Leon Ecoignard, Adam Helberg (ook bekend as Pyjama Shark) en Thys van Deventer 'n uitmuntende produksie, *Bêreboksie vol vlerke*, op die planke gebring. Elize vertel Lidi se stories van Oom Staal en Ouma, befaamde orrelis en "bar-moeder" by die plaaslike kroeg, soos gesien deur die oë van haar kleinkind. En soos die nonkonformistiese Ouma tereg opmerk by monde van Elize: "Geseënd is die 'weirdos', want hulle help ons om anders na die wêreld te kyk."

Die musikante sorg vir lekker musiek wat die storielyn inkleur en die vertellings meesterlik aanvul deur middel van progressiewe rock, boeremusiek en liefdesliedjies. Dit is 'n uitstekende produksie wat lewe gee aan Lidi se skilderye en kreatiewe skryfwerk.

Daniel Hugo is hierdie jaar aangewys as die Innibos Fees-skrywer en vereer vir sy uitsonderlike bydrae tot Afrikaans. En met reg: Hy is immers 'n veelbekroonde skrywer, digter, omroeper en vertaler - die



Annemarie van der Walt en Daniel Hugo.

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het hom reeds twee keer bekroon vir sy vertalings uit Nederlands.

Hy het Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die universiteite van Stellenbosch, Pretoria, Vrystaat en Leuven studeer en in 1989 'n DLitt-graad verwerf. Vroeër jare



Annemarie van der Walt en Lidi de Waal.

was hy ook 'n literêre programmamaker by die Afrikaanse radiodiens van die SAUK en is deesdae 'n voltydse vertaler en digter. Daniel se jongste digbundel, *Openbare domein*, het vroeër vanjaar verskyn.

Daniel is werklik een van die grootste digters wat Afrikaans tot op hede opgelewer het en Hennie Aucamp skryf oor hom: "Daniel Hugo verteenwoordig 'n kosbare en skaars spesie binne die Afrikaanse poësie, naamlik 'n digter wat 'die ligte, liggende erns' (Van Wyk Louw) glansryk uitleef in sy verse. Sy aanslag is lugtig, maar selde triviaal; dis geestig, en van 'n Fransheid wat Rita Elferink sou verbly het, want sy het 'n hekel gehad aan swaartillendheid."

Dit is interessant om te hoor dat DJ Opperman die grootste invloed op sy poësie gehad het. AP Grové het hom weer geleer om Opperman se gedigte te verstaan en Gerrit Komrij, wat hy as 'n literêre genie beskou, het 'n verdere indruk op hom gemaak. Hy verwys ook dikwels na die Belgiese digter Herman de Coninck, wie se gedigte hy uit Nederlands na Afrikaans vertaal het.

Andy Lubbe, feesbestuurder van Innibos, oorhandig 'n kunswerk deur die bekende beeldhouer, Anton Smit, aan Daniel.

Innibos is 'n veelkleurige, multidimensionele fees met baie kante: Musiek, toneel, woorde en kuns vorm in verskillende produksies deel van die repertoire as 'n geheel. Hierdie vier aspekte van die fees ontmoet mekaar jaar na jaar in Suikerbossie-teetuin in 'n viering van die Afrikaanse letterkuns.



Leon Ecoignard.



Paul Eilers.



Lizanne Barnard, Elize Cawood, Leon Ecoignard en Thys van Deventer.



Leon Ecoignard, Hennie Jacobs en Jahn Beukes.

Stok tref gehoor met impak



Jahn Beukes.



Leon Ecoignard.

Hennie Jacobs.

Mireille de Villiers

Stok by die Cell C Boma-kuierteater is kort, en snaaks. Geen grappies hier nie! Dit is meer geluide en liedjies wat sorg vir 'n uiters vermaaklike 20 minute.

Hóór die onsigbare bal, sien die onsigbare insek. Maar moenie terugdeins wanneer hulle musikaal met eetgerei teen breekware begin krap nie: hulle sal dit teen jou oor kom druk.

Die trio van Hennie Jacobs, Jahn Beukes en Leon Ecoignard is tog meer vriendelik as dít. Beukes maak seker om nie jou wyn te stort wanneer sy *Ou Oom* op pad na die luiende telefoon in die voorste ry strompel nie. Hy kies die sterk man wat hom kan optel versigtig, dog vinnig, en bedank hom na die vertoning met 'n handdruk.

Stok by die Boma is 'n verkorte weergawe van *Stok* die produksie, waarin drie manne op reis gaan op soek na "Speel". Musiek word op die vreemdste instrumente denkbaar gemaak.

Die manne is briljant. Gaan kyk *Stok* vandag om 17:00. Dit is gratis (toegang is ingesluit by die dag se hekgeld).

Kyk ook *Manne* waarin Jacobs speel by Hoërskool Nelspruit om 15:00 en Ecoignard in *Uit die Bloute* in die stadsteater om 10:00.

Grappe steek dwars in krop

Mireille de Villiers

Die fees se Boma is vir baie besoekers 'n afskoppunt. Ander benut hierdie rustige maar gesellige plek onder Hoërskool Bergvlam se bome as 'n welkome sitplek tussen die ander magdom aktiwiteite wat die feesterrein daagliks bied.

Die aanbiedinge verskil soms hemelsbreed. Vanjaar het onder andere Hannes Brümmer sy hart openbaar oor die uitdagings van pa-word, Wian Magician het mense se R10-note gegaps, en Simoné Nortmann het gemaak asof sy 'n afgeleefde popster is.

Doringdraad-komediant was, ongelukkig, minder geslaagd. Dit is immers die jaar 2018. Het ons nog grappies nodig wat dateer uit die jare toet? Spykers, skoonma's en onwelvoeglikhede beslaan Schalk Lingenfelder se oeuvre van ou holrug geryde grappies wat Vrydag by die Cell C Boma-kuierteater te hore was.

"Hierdie ou dryf my tot drank," het een vrou opgemerk. Die meeste mense om haar het wel gelag.

Omdat dit simpel grappies is, of omdat jy dit die eerste keer in 'n lang hoor? Voel mense hulle moet lag, want jy kyk per slot van sake na 'n komediant? Is dit bloot ontvlugting: mense moet lag, veral by 'n fees.

Maar hierdie resensent dink dat geslagsverhoudinge lank reeds verby die vervelige stereotypes Doringdraad bied, gevorder is nie snaaks nie.



Schalk Lingenfelder is Doringdraad-komediant.

ASPIRE ART AUCTIONS

419936R

Timed Online Auction | Fine Art: Old & New

Plaas jou bot vanaf 26 Junie om 08:00
Die bot sluit 3 Julie vanaf 17:00 (met 1-min tussenpose)

besoek www.aspireart.net



links | JH Pierneef, beraamde waarde: R40 000 - 60 000
regs | William Kentridge, beraamde waarde: R10 000 - 15 000



Aspire by Innibos Laeveld Kunstefees: Program

Nuuskierig oor 'n kunswerk? Kom ontmoet Aspire Art Auctions se kunskenner wat hul breë kennis gaan deel en raad gee oor die koop en verkoop van kuns. Kunswaardasies word ook behartig en hulle sal beskikbaar wees vir informele gesprekke.

GRATIS KUNSWAARDERING

Aangebied deur: Aspire Art Auctions
Datum en tyd: Woensdag 27 Junie tot Saterdag 30 Junie 14:00
Tydsduur: 60 minute
Lokaal: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum

GRATIS FILMVERTONINGS

The World of Alexis Preller (1970) - Woensdag 27 Junie om 11:00
Maggie Laubser (1969) - Donderdag 28 Junie om 11:00
Irma Stern Paradise (1991) - Vrydag 29 Junie om 11:00
Zwelidumile (2010) - Saterdag 30 Junie om 11:00

Lokaal: Mediasentrum, Hoërskool Nelspruit



Kontak & Navrae
Ruarc Peffers | 084 444 8004 | ruarc@aspireart.net



DAGPROGRAM - SATERDAG 30 JUNIE 2018

07:30	RSG Monitor-uitsending	ATKV-Boeke-oase	30 minute	Gratis
09:00	ClemenGold Boerdery-toer	ATKV-Boeke-oase by NHS	240 minute	R252
09:00	My man se skelmpie se skelmpie se vrou	Lowveld High	130 minute	R152
09:00	Winter Wonderland	l'Langa Mall Ice Rink	40 minute	R82
10:00	Nêrens, Noordkaap	Laeveld Laerskool	75 minute	R142
10:00	Mike en Mavis	Bergland Laerskool	60 minute	R142
10:00	Boekgesprek: Irma Venter	NHS Kultuursentrum	60 minute	R32
10:00	Klassieke Kamers	Church Unlimited	180 minute	R167
10:00	Uit die bloute	Nelspruit Stadsteater	90 minute	R142
10:00	Rocco de Villiers – wees net jousef	Nelspruit Hoërskool Ouditorium	90 minute	R162
10:00	Soebatsfontein	Nelspruit Laerskool	65 minute	R142
10:00	Boekgesprek: Irma Venter	ATKV-Boeke-oase	60 minute	R32
11:00	Op my eish! – Neels van Jaarsveld	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
11:00	There's a Zulu on my Stoep	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	100 minute	Gratis*
11:00	Kizzoo – My nuwe wêreld	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
11:00	Stroomop Inspirasie	Bateleur Landgoed	120 minute	R152
11:00	Kinder Storie-crawl	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	R82
11:00	Book discussion – Ruda Landman	Casterbridge Barnyard, White River	60 minute	R52
11:00	Kunsrondleiding deur Johan Myburg	Nelspruit Burgersentrum	60 minute	Gratis
11:30	Aspire Kunselfilmvertoning	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
12:00	Skoonlief en die Ondier: 'n Whiskysprokie	NHS Seunskoshuis	75 minute	R142
12:00	Wie's jou pappa? – Hannes Brümmer	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
12:00	Mosterd na die maal – Closing event	White River Galery	60 minute	Free
12:00	Spar Aktiwiteite	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
12:00	RSG Naweekaktueel Regstreekse uitsending	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
13:00	Media24 Kosdemo – Carmen Niehaus	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
13:00	Buster en Bella	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
13:00	Antie Pohl	Bergland Laerskool	70 minute	R142
13:00	Wian Magician	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
14:00	Kwêla-gesprekke met Hannes van Wyk	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
14:00	Kinder Storie-crawl	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	R82
14:00	Loving Vincent Film	Casterbridge Cinema White River	94 minute	R50
14:00	Aspire Kunswaardering	ATKV-Boeke-oase by NHS	60 minute	Gratis
14:00	Die draak en die nar	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
14:00	3 susters	Laeveld Laerskool	90 minute	R142
14:00	Venster	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	12 minute	Gratis*
14:45	Ek en myselfie	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	12 minute	Gratis*
15:00	Dis 'n Weskusding	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
15:00	Media24 Gespreksreëks – Grondbesit	ATK-Boeke-oase	60 minute	Gratis
15:00	David Dee	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
15:00	Manne	Nelspruit Hoërskool Ouditorium	65 minute	R142
15:00	Die reuk van appels	Nelspruit Laerskool	90 minute	R142
15:00	Schalk Bezuidenhout – Snorseun	Lowveld High	80 minute	R132
15:00	Kleedkamer Blues	Nelspruit Stadsteater	120 minute	R142
15:00	Hulets Koeksisterkompesie	kykNET-Leefverhoog Feesterrein	45 minute	Gratis*
15:30	Die maan val bewusteloos	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	24 minute	Gratis*
16:00	Los asseblief 'n boodskap	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
16:00	Hulets Kolwyntjiepret	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
16:00	Die kuur	kykNET Bosbioskoop Feesterrein	12 minute	Gratis*
17:00	Stok	Cell C Boma-kuierteater	40 minute	Gratis*
17:00	Koning Karel Skilpad	Spar Woelwaters	30 minute	Gratis*
18:00	kykNET NOU! Rock-konsert	kykNET NOU!-verhoog	300 minute	Gratis*
18:00	kykNET-konsert	Standard Bank-verhoog Feesterrein	240 minute	Hektoegang

SONDAG 1 JULIE 2018

18:00	Loof Hom Innibos konsert	Standard Bank-verhoog Feesterrein	120 minute	Gratis
-------	--------------------------	-----------------------------------	------------	--------

*Slegs hektoegang geld.



**30 AUGUST
- 1 SEPTEMBER
2018**
MBOMBELA STADIUM

**AGRICULTURE & WILDLIFE | ENERGY
FORESTRY | MINING | TOURISM & OUTDOOR**

FEATURING

4x4 Course and Exhibit
Carnival Parade
Amusement Park
Archery Hunting and
Outdoors
Livestock Exhibit
Motorbike Stunt Shows
Strong Man
Wrestling
Rugby Match
Pumas vs WP
Musical Concerts
Country and Western
Evening
National Wood Carving
Competition
Art @ the Stadium and
Wine Garden
Food stalls and Beer tents
Farmers Arena

WILDLIFE
ON SHOW

Birds of Prey
Wildlife Talks
Crocodile Dunk Tank
Camel Rides
Chickens
Flight Pigeons
Goats and Sheep
Milking Shed
400 Exhibitors and more

ENTERTAINMENT

Campbells
Allan Ladd
Wynand & Cheree
Long John
Dr. Victor
Nicholis Louw
Emo
Refentse
Jay
Lianie May

COMPETITIONS
NEW EXPERIENCES

013- 753- 3622 www.mpushow.com yolande@mpushow.com



Standard Bank

